APRIL/ MEI

PRETPAK

TEMA: HERFS

Kopiereg Kinderwerf 2007

VIR JOU KLEINDING

‘n Herfs gedig

Herfs is ‘n lekker seisoen.
Dis nog warm in die dag
en die gras is nog groen,
Maar dis al koud in die nag.

Die blare word
bruin en rooi.
Dit lê op die grond
rondgestrooi.

As dit Herfs is hark ons die blare,
maar eers speel ons vir die vale:
Ons rol
en ons stoei
en ons spring
en kry selfs blare in ons hare!

AKTIWITEITE

Maak julle eie herfsboom

Teken op ‘n groot papier ‘n boom se stam en klomp lekker takke. Gaan stap in die tuin, of in ‘n parkie en gaan tel ‘n groot sak vol blare op wat afgeval het. Gesels met jou kind oor seisoene terwyl julle loop. Verduidelik aan haar dat daar verskillende seisoene is, en dat dit nou Herfs word. Dit is hoekom die blare verkleur en afval van die bome af. Gesels ook oor die ander seisoene.

Wanneer julle terug by die huis is, kan jou kind die heel mooiste blare uitsoek, van almal wat julle opgetel het. Wys haar nou hoe om die blare op die boom wat jy geteken het te plak.

Wanneer die boom klaar is, kan jy vir haar ons Herfs gediggie leer. Skryf die gediggie oor en plak dit langs die boom. (Ons gaan elke seisoen soortgelyke aktiwiteite gee. Bêre dus die prentjie en gediggie, tot julle dan al die seisoene se aktiwiteite gedoen het. Dan kan julle ‘n seisoen boekie maak.)

Vertoonkaart

Druk hierdie bladsy uit en knip uit om die raampie. Ons gee elke seisoen vir jou ‘n vertoonkaart. Hierdie is julle Herfs vertoonkaart. Lamineer vir langdurige gebruik.

herfs

kinderwerf
www.kinderwerf.co.za

VORMPRET



Druk hierdie bladsy uit. Doen die volgende aktiwiteite:

1) Kleur al die sirkels in die prentjie geel in.
2) Hoeveel sirkels is daar?
3) Kan jy 'n prentjie teken met 'n sirkel in?
4) Kleur al die driehoeke rooi in.
5) Hoeveel driehoeke is daar?
6) Kan jy 'n prentjie teken met 'n driehoek in?
7) Kleur al die vierkante oranje in.
8) Hoeveel vierkante is daar?
9) Kan jy 'n prentjie teken met 'n vierkant in?
10) Kleur al die reghoeke blou in.
11) Hoeveel reghoeke is daar?
12) Kan jy 'n prentjie teken met 'n reghoek in?

kinderwerf
www.kinderwerf.co.za

VIR JOU

HUMOR

Ek is die MA!

Deur Martie Kruger

Ek het debat op skool gedoen, en al moet ek dit nou self sê, het darem nie te sleg daarin gevaar nie. Maar ek moet sê niks kon my voorberei vir my drie jarige seuntjie nie. Ek het dit op die swaar manier geleer:
“Eet jou kos!” antwoord hy met ‘n “…maar ek het nie tande nie.”
“Sê jammer vir sussie,” word opgelos met ‘n “…maar ek het nie ‘n mond nie.”
“Kom hier!” word – kan jy dit glo- beantwoord met ‘n “…maar ek het nie bene nie.” (arme kind!)

Wel, soos ons almal wat driejariges het weet, is dit ongelukkig dikwels die geval dat mens tweede kom met ‘n argument. Wanneer dit die geval is eindig ek gewoonlik die argumente met “ek is die ma!” . Klaar. Afgehandel. Dis eintlik ‘n kroek, maar wie gee om! Ek is die ma, en dis my reëls!

Daarom moet ek julle vertel van ons onlangse seevakansie, met my seuntjie pas drie, en babadogtertjie 8 maande. Ouma was saam vir ‘n deel van die vakansie, en met die baie karstoeltjies in die kar, moes Boetie se stoel maar voor langs Pappa in, sodat ek en my ma agter langs Babasus kan indruk.
Baie trots op sy plekkie voor in die kar, was Boetie natuurlik vreeslik boos toe ons sy karstoeltjie weer agtertoe skuif, toe my ma huis toe is. Hy skree en huil soos net hy kan. Ek probeer toe snaaks wees en sê:“ Eendag as jy ‘n Mamma is dan kan jy voorsit.” Heel naïef dink ek toe natuurlik die argument is opgelos. Maar nee, Boetie het ander planne.
“Ek IS Mamma!” kondig hy triomfantelik aan.
“ O, so gaan jy sussie se stink doeke omruil ?” vra ek. Nogal opgewonde om my Ma-rol oor te gee. Ja-nee, dis reg. Boetie sien kans vir vuil boude. (Ek vermoed kinders kan nie so goed ruik soos ons nie.)
“ En gaan jy vir sussie kosgee en aan die slaap maak?” vra ek vêrder.
Alles reg. Boetie mik al vir die stoeltjie voor in die kar.

Net vir bietjie agtergrond inligting: ons was oppad Spur toe. Iets wat nie vreeslik baie gebeur nie, en natuurlik was Boetie vreeslik opgewonde.
“Gaan jy dan slaai eet by die Spur?” vra ek hom.
Hy kyk my net skeef aan sonder om te antwoord.
“En as jy Mamma is, is ek Boetie, so ek gaan ‘n lekker worsie en tjips eet, en ‘n ballon kry, EN inkleur, terwyl jy slaai moet eet en gesels,” praat ek vêrder.
Boetie raak tjoepstil en ek kan sien hoe sy koppie besig is om die voor-en-nadele van Mamma-wees op te weeg en na ‘n rukkie kondig hy aan:” Ek wil agter sit.”
Op daardie punt is ek en my man al dik van die lag, maar ons sit sonder ‘n woord sy stoeltjie agter en ry Spur toe met Boetie, doodtevrede.
Daardie rit sal ek nooit vergeet nie, dit jubel in my hart! Salig. Ek het gewen! Die klein triomfe van ouerskap. ‘n Driejarige het my nie ondergekry nie!
Na-naa-naa-na-na!

VRAELYS

WATTER LEERSTYL HET JOU KIND?

(Hierdie vraelys is slegs bedoel vir kinders 4 jaar en ouer)

Dit is baie belangrik om jou kind se dominante leerstyl te bepaal. Dikwels wanneer kinders sukkel op skool, is die oplossing so eenvoudig soos om die skoolwerk, by sy/haar leerstyl aan te pas.

Beantwoord die volgende vragies en vind jou kind se leerstyl uit. Kies telkens die antwoord wat die beste by jou kind pas.

1) Wanneer julle boekies lees, doen jou kind die volgende:

a) Luister aandagtig na die storie
b) Stel meer belang in die prentjies as die storie
c) Wil die bladsy omblaai en gedurig aan die prentjies vat

2) Watter van die volgende aktiwiteite geniet jou kind die meeste:

a) Liedjies luister
b) Om met kleurvolle blokkies te speel
c) Klei speel.

3) Wanneer jou kind met musiekintstrumente speel, doen hy/sy die volgende:

a) Speel met elke instrument en luister aandagtig na hoe dit klink.
b) Bestudeer elke instrument om te sien hoe dit lyk.
c) Voel en vat aan die instrumente en speel daarmee.

4) My kind is baie:

a) sensitief. Sy/hy kan maklik agterkom as iemand kwaad is deur net na hulle stem intonasie te luister.
b) oplettend. Sy/hy onthou kleure goed.
c) besig en aktief. Sy/hy gereeld besig om iets nuuts te ondersoek.

5) Julle het 'n nuwe sitkamerstel gekry. Jou kind sal waarskynlik die volgende doen:

a) Met jou gesels oor die nuwe banke. Sy/hy sal waarskynlik wil weet wanneer jy dit gekoop, waar jy dit gekoop het en hoekom jy hierdie banke gekies het.

b) Die banke bestudeer en veral let op die kleure en vorms van die banke.

c) Jou kind sal dadelik op die banke sit en daaraan vryf en vat.

6) Julle koop 'n nuwe speelding in die winkel. Jou kind sien eers weer die speelding wanneer julle 'n paar ure later by die huis kom. Jou kind:

a) sal die speelding in detail onthou as julle daaroor gesels het.

b) sal die speelding in detail onthou as sy in die winkel geleentheid gehad het om mooi daarna te kyk.

c) sal die speelding in detail onthou as sy in die winkel geleentheid gehad het om daaraan te vat.

Tel nou julle punte op, en lees hier onder wat jou kind se dominante leerstyl is. Onthou hierdie bepaal slegs die dominante styl, dikwels leer kinders (en volwassenes!) deur al drie maniere:

MEESTAL A'S

Jou kind is 'n ouditiewe leerder. Dit wil sê sy leer dinge maklik wanneer sy dit hoor. Sy leer dus maklik in die klas indien die werk aan haar verduidelik word. Sy sukkel egter wanneer sy self goed moet lees. Moedig jou ouditiewe leerdertjie aan om haar werk hardop te lees. Sy leer die beste wanneer sy die werk hoor. Jou kind geniet stories en is nie werklik op die prentjies ingesteld nie.

MEESTAL B'S

Jou kind is 'n visuele leerder. Dit wil sê sy leer dinge maklik as sy dit sien. Wanneer goed in die klas verduidelik word sonder enige visuele hulpmiddels, sal jou kind waarskynlik sukkel om te verstaan. Sy kan egter goed lees en verstaan dinge wanneer dit visueel aan haar uitgebeeld word. Groter kinders sal lekker met diagramme ens. leer. Jou kind hou daarvan om na prentjies en dinge te kyk.

MEESTAL C'S

Jou kind is 'n gevoels-leerder. Dit wil sê sy leer maklik dinge wanneer sy dit self kan ontdek en daaraan kan vat. In die klas leer sy moeilik as daar nie 'n praktiese model is van dit wat verduidelik word, wat sy self mee kan speel en ondersoek, nie. Hierdie leerders sukkel dikwels op skool aangesien daar nie aan hulle leerbehoeftes voldoen word nie. So 'n kind sal byvoorbeeld van ons Herfsaktiwiteit hou aangesien sy self kan vat, voel en doen.

ADVERTENSIE BLAD

KINDERWERF ADVERTEER SLEGS KWALITEIT PRODUKTE.

Kontak ons indien jy in ons volgende maandelikse pretpak wil adverteer.
mail@kinderwerf.co.za